Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GRAAD: 4
# VAK: LEWENSVAARDIGHEDE – SKEPPENDE KUNSTE

# KWARTAAL VIER
# FORMELE ASSESSERINGSTAAK (FAT) 4

Naam: ____________________________________________

Klas: ______________________ Datum: ______________________

Skool: ______________________ Onderwyser: ______________________

| FAT | Aktiwiteit/Vorm | Leerder se punte | Leerder se % |
|---|---|---|---|
| 4 | Visuele Kunste: Uitstalling | | |
| **TOTAAL** | | | |

**Let asseblief daarop dat óf Uitvoerende Kunste óf Visuele Kunste <u>formeel</u> in 'n kwartaal geassesseer moet word – nie albei bane nie.**

## LEWENSVAARDIGHEDE: SKEPPENDE KUNSTE

## FORMELE ASSESSERINGSTAAK: VISUELE KUNSTE

**GRAAD 4** **KWARTAAL 4**

**NOTA AAN DIE ONDERWYSER:**

Die Formele Assesseringstaak is as 'n stap-vir-stap riglyn vir leerders ontwikkel. Die aktiwiteite word gedurende die vierde kwartaal **in die klas** gedoen. Dit is belangrik dat onderwysers as bemiddelaars optree tydens die verskillende stappe van die taak om te verseker dat alle leerders aktief, kreatief en krities deelneem.

**AKTIWITEIT: SKEP IN 2D, BEELDE UIT DIE NATUURLIKE OMGEWING**

**KUNSMATERIAAL:**
Enige van die volgende:

- A4 & A3 papier
- HB potlode
- 2B / 3B potlode
- Houtskool
- Oliepastelle
- Gekleurde ink en poeierverf

**INSTRUKSIES:**
Jy gaan 'n dier in sy eie natuurlike omgewing teken.

In hierdie kunswerk gaan jy die volgende kunselemente gebruik**: LYN**, **VORM**, **SEKONDêRE** en **VERWANTE KLEUR** asook die ontwerpbeginsels **KONTRAS** en **PROPORSIE**.

Dit is baie belangrik om baie noukeurig te kyk na prente/foto's van diere (OBSERVASIE) in hul natuurlike omgewing. Konsentreer op al die unieke eienskappe van die dier.





**Bespreek:**

- Jou onderwyser sal jou help om die elemente van kuns te gebruik wanneer jy die dier teken.
- Kyk na die verskillende tipes diere.  Let op na die verskillende vorme van hul liggame. Het die dier 'n lang of 'n kort lyf? Is die bene lank of kort? Hoe lyk die pels of vel van die dier? Watter kleur/e is die dier?
- Jou onderwyser sal jou wys watter materiaal jy gaan gebruik om hierdie skets te maak.
- Dit is belangrik dat jy 'n prentjie van jou skets visualiseer.  Onthou 'n skets is baie verskillend van 'n kunswerk gemaak van olieverf.







**Kom ons begin:**

- Jou onderwyser sal aan jou verskillende prente van diere in verskillende omgewings (habitat) wys waarna jy noukeurig moet kyk.
- Let op na die verskillende kleure en interessante patrone op die dier se vel/pels, sowel as die voorkoms van die gesig en hoe die liggaam gevorm is.
- Jy moet teken wat jy sien en nie wat jy dink jy weet van die dier nie.

- Bespreek die dier noukeurig met jou onderwyser en jou klasmaats. Kyk ook na die dier se proporsies, die manier waarop die bene beweeg, verskillende patrone op die dier se vel, ens.
- Maak seker jy is tevrede met die dier wat jy gekies het om te teken – kies 'n dier wat vir jou 'n uitdaging en opwindend sal wees om te teken.

**Kom ons oefen eers:**

- Trek eers die lyne van die dier se vorm in die lug.
- Neem nou 'n **HB potlood** en op 'n **A4 papier**, begin om die dier te teken. **Probeer om nie jou oë van die dier se vorm weg te neem nie. Teken presies wat jy sien.** Daar is geen reg of verkeerd nie!
- Gebruik jou tyd en trek jou lyne stadig en versigtig.

**Kom ons begin nou met die finale kunswerk:**

- Jou onderwyser sal 'n groter stuk papier aan julle uitdeel **(A3)**.
- Teken weer die dier wat jy gekies het met 'n 2B en 3B potlood.
- Maak jou lyne solied en probeer om die posisie te wys waarvandaan jy na die dier kyk.
- Maak seker dat jy die dier reg plaas op jou stuk papier. Moenie jou prent slegs in 'n hoekie van die papier teken nie. Die tekening moet ten minste die helfte van die blad beslaan.
- Teken die dier versigtig deur die lyne te maak soos wat jy die dier waarneem. Probeer om nie jou oë van die dier af te neem vir lang tye nie.
- Wanneer jy die skets voltooi het, kies 'n agtergrond wat die natuurlike omgewing van die dier uitbeeld.
- Teken gedeeltes van die natuurlike omgewing in die oop ruimtes van die bladsy of in die agtergrond van die tekening.



**Kom ons voeg nou kleur by:**

Jou prent bestaan uit verskillende tipes lyn; jy het moontlik dik, dun, gladde, hoekige, kort klein lyntjies of lang egalige lyne gebruik.

- Sodra jou skets voltooi is, sal jou onderwyser die gebruik van kleur in jou kunswerk bespreek, veral die gebruik van sekondêre en verwante kleur.
- Voeg kleur by jou skets deur oliepastelle, vetkryte en inkleurpotlode te gebruik. Gebruik die kleure wat jy dink die beste by jou skets sal pas.
- Kyk weer na jou prent en rond dit mooi af totdat jy tevrede is met jou gebruik van kleur en lyn.
- Wanneer jy jou kunswerk voltooi het, sal jou onderwyser vir jou vra om jou naam in die onderste hoekie van die prent te skryf.
- Jou onderwyser sal jou kunswerk teen die muur opsit.
- Jou kunswerk sal volgens die volgende kriteria geassesseer word.

| KRITERIA | 1-3 | 4-5 | 6-7 | 8-10 |
|---|---|---|---|---|
| **Verskillende tipes lyne is gebruik om die uitbeeldings en kenmerke van die dier uit te beeld.** | Poging om verskillende tipes lyne te gebruik, maar nie tot alles in staat nie. | In staat, maar nie konsekwent nie. Het meer oefening nodig. | Voldoen aan die kriteria en kan na die volgende vlak beweeg. | Sterk gebruik van verskillende tipes lyne om die voorwerp en die kenmerke daarvan uit te beeld. |
| **Samestelling: Die hele blad word gebruik en die skets is goed geposisioneer.** | Minder as ’n kwart van die bladsy word gebruik. | Ongeveer die helfte van die bladsy word gebruik. | Ongeveer ’n driekwart van die bladsy word gebruik. | Meer as 80% van die bladsy is gebruik. |
| **Die kunsmedium het die regte mengsel.** | Poging aangewend, maar glad nie in staat om verf te meng nie. | In staat om verf te meng, maar mengsel is nie voldoende nie. Het meer oefening nodig. | Voldoen aan die kriteria om verf reg te meng. | Die verf het die regte mengsel en is baie goed gemeng. |
| **Die leerder het hom-/haarself met vertroue uitgedruk.** | Gepoog om hom-/haarself uit te druk, maar nie in staat om die gewenste resultaat te behaal nie. | In staat om hom-/haarself betekenisvol uit te druk. Het meer oefening nodig. | Voldoen aan die kriteria om hom-/haarself met vertroue en betekenisvol uit te druk. | Oorskry verwagtinge en kriteria om hom-/haarself met vertroue uit te druk. |
| **Subtotale:** | | | | |
| | | | **TOTAAL** | **/40** |

**Oorweging van inklusiwiteit:** Leerders met **visuele gestremdheid**: jy kan dieselfde aktiwiteit doen deur aanraking te gebruik om die vorm en fatsoen van die voorwerpe (diere)

of die gesigte te bepaal. Kunsmateriaal wat tekstuur verleen soos kryt moet vir tekenwerk gebruik word, want dit is droog en maklik om mee te werk.

Vir leerders wat **kognitiewe hindernisse** ervaar, kan die aktiwiteit in kleiner, meer beheerbare stappe verdeel word.  Verseker dat alle leerders 'n geleentheid het om al die stappe teen hul eie tempo te voltooi.

## GEÏNTEGREERDE STRATEGIE VIR LEER EN ASSESSERING

Die leer- en assesseringsprosesse word geïntegreer.  Assessering is deurlopend en formatief, aangesien die onderwyser die leerder se vordering na die finale kunswerk sal waarneem.  Die finale kunswerk word formeel deur middel van 'n rubriek deur die onderwyser geassesseer.

| **Aktiwiteit:**<br>**2D BEELDE UIT DIE NATUURLIKE OMGEWING** | **Assesserings-vorm** | **Assesserings-metode** | **Assesserings-tegniek** | **Assesserings-instrument** |
|---|---|---|---|---|
| | Informeel: Formatief | Assessering deur self/portuur/ onderwyser | Proses na finale kunswerk | Klaslys (moet net afgemerk word) |
| | Formeel: Summatief | Onderwyser | Finale kunswerk | Rubriek |

## VERSPREIDING VAN KOGNITIEWE VLAKKE

| ONTHOU EN VERSTAAN | PAS TOE EN ONTLEED | EVALUEER EN SKEP |
|---|---|---|
| Elemente en beginsels van Visuele Kunste: lyn, vorm, sekondêre en verwante kleur asook kontras en proporsie. | Toepassing van elemente en beginsels in 2D-kunswerk. Deurlopende kritiese besinning en toepassing om die kunswerk in klastyd te verbeter. | Skepping en aanbieding van die 2D-kunswerk. |

**(Volgens die Aangepaste Blooms se Taksonomie, 1990)**

